



# DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 14 \* Nr 141 \* FEBRUARIE 2018

## LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Gemeentenuus	3
Nuwe Jaar	4
Fokus op die Huwelik	5
Reseptehoekie	6
Mosambiek Geletterdheid	7&8
Wie is God	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

*Wil jy graag iets in ons koerantjie plaas of self ietsie skryf?*

*Bydraes vir Maart moet die Kerkkantoor voor 12:00 op Maandag, 12 Feb bereik!*



## NUWE JAAR, VERNUWE DENKE...

Ons kan maklik daarin verval om ons geloofslewe net op een of twee vlakke van ons menswees te beleef en uit te leef. Ongelukkig is so 'n geloof dood. (Jak 2:17) Gelowiges word opgeroep om die Here lief te hê met ons hele hart en ons hele siel en ons hele verstand en al ons krag (Mark 12:30), en ons naaste soos onself. 'n Mens is in sy wese 'n meerdimensionele wese. Ek is nie net verstand en siel (emosie) en hart nie. Ek is ook 'n liggaam... lees mooi: Ek het nie 'n liggaam nie, ek IS 'n liggaam. Dit wat ek in my verstand (denke) bedink, en dit wat ek in my siel (emosies) voel en dit wat ek in my hart glo moet op 'n manier duidelik word en uiting kry in dit wat ek met my liggaam (liggaamskrag) doen en sê. Elkeen van hierdie dimensies van my menswees is onderskeibaar van mekaar maar nie skeibaar (losmaakbaar) nie.

Dit wil tog lyk of ons maar tevrede is met met bringimnastiek en gevoelsvervoering as dit by godsdiens kom. Dit is maklik om te sê ek glo. Maar hoe word my geloof sigbaar in my dade... in die dinge wat my hande en my voete en my oë en my mond doen? Hoe verskriklik sou dit nie gewees het nie as God ons liefgehad het met sy hart en sy emosie en sy denke? Sê nou net Joh 3:16 het so geklink: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy baie jammer vir ons gevoel het toe Hy sien dat ons verlore is in ons sonde en werklik 'n traantjie gepik het". Nee! Hy het ons so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het om met sy liggaam te ly en te sterf... stukkend geslaan en aan 'n kruis gespyker! (Hebr 10:1-10) Dit lyk of daar iewers tussen ons denke en emosie en hart aan die eenkant en ons liggaam aan die ander kant, die een of ander kortsluiting is of dalk 'n blokkasie is. Ons kan die mooiste godsdienstige- en geloofsgedagtes bedink maar dit bly by gedagtes. Kyk hoe moeilik is dit vir party mense om iets eenvoudigs te doen soos om hande op te hef in gebed of in lof aan die Here (terwyl dit vir Israel en later die jong Christelike kerk die natuurlikste ding was om te doen). Ek kry nie my hart in kontak met my hande nie. Hoeveel moeiliker is dit dan om nog op te staan en geloofsdade (liefdesdade) te gaan doen waar my hande aan mense kan gaan raak om hulle op te tel uit hulle omstandighede?

Miskien moet ons dan maar by die begin probeer begin. Die begin is dalk daar waar ek sê: Here ek gee my alles vir U. My hele hart, my hele siel, my hele verstand en al my krag! En ek doen dit omdat U vir my alles gegee het. Om dit reg te kry moet ons gehoorsaam raak aan die Woord! Kom ons begin by Rom. 12:1 (83 Vertaling) - En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.

Vervolg op bl 4

## LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



# Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE. WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD ..... OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET ( SOMMER MET 'N FOTO BY).

## GELUKWENSINGS:

- Jan & Leonie van Eden het op die 21ste Desember hul 60ste huwelikshedenking gevier. Wat 'n wonderlike mylpaal!!
- DOOP: 3 Des - JACO JOUBERT  
Ouers: Ludolph & Helen
- Hester Huysamen het op 14de Januarie 80 geword en haar naam was ongelukkig nie op die verjaarsdaglys nie.



## BERG 80 VERJ: FEB '18

### LET WEL:

Ouderdom op lys is die huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Van Der Walt	Joey	02/12	88
De Wet	Bettie	02/13	89
Marnewick	Manie	02/15	81
Bam	Driekie	02/16	80
Henning	Wena	02/19	81
Odendaal	Joey	02/24	88
Van Schalkwyk	Joeleen	02/24	82

Num 6:24-16 Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!

**WAAR KAN JY HIERDIE JAAR BETROKKE RAAK,  
VRIENDE MAAK, 'N TUISTE VIND & GEESTELIK GROEI?**

**BYBELSKOOL:** Begin 6 Feb & 7 Feb

(Mod. 3&4 elke Dinsdag, 09h00 of 19h00)

(Mod. 1&2 elke Woensdag, 09h00 of 19h00)

Kursusmateriaal bestaan uit 4 modules (een per jaar).

Geen eksamens nodig. Ontwikkel vaardighede in die verstaan, interpretasie en toepassing van die Bybel asook geestelike groei in jou persoonlike lewe.

Meer hieroor op ons webwerf by: <http://www.lourensrivier.co.za/index.php/aanbidding/bybelskool>



**GEBEDSKURSUS (gratis):** Begin 08 Feb (elke Donderdagoggend @ 08h00)

Kom reis saam om God te ontmoet, om deur Hom verander te word en om jou roeping te ontdek. Kom leer ook hoe om die Bybel effektief te gebruik om met God te kommunikeer en Sy stem te hoor vanuit Sy lewende Woord. Meer hieroor op ons webwerf by:

<http://www.lourensrivier.co.za/index.php/aanbidding/gebedskursus>

**BIDGROEP:** Begin 31 Januarie (elke Woensdagoggend @ 09h00)

**RAPHA VROUEGROEP:** Begin 05 Februarie (elke 2de Maandagaand @ 19h00)

Ons deel in mekaar se lief & leed, pak omgeeprojekte aan bv. die maak van trooskombersies & bidkussings, stap saam vir liefdadigheid, maak die strande skoon, ondersteun en bid vir mekaar, reik uit na mekaar & ander... Ons geniet dit om saam te kuier, eet, lag, huil en pret te hê. Ons groei ook saam deur bymekaar te leer en God beter in Sy Woord te leer ken. Meer hieroor op ons webwerf by: <http://www.lourensrivier.co.za/index.php/kleingroepe/rapha-vrouegroep>

**MANNEGROEPE:**

◇ Ds Leopold se groep (in konsistorie): Begin 19 Januarie (elke Vry. oggend @ 06h00)

◇ Nic se groep (by Smiling Oven): Begin 19 Januarie (elke Vry. oggend @ 05h30)

◇ Senior Mannegroep (in Kleinsaal): Begin 17 Januarie (elke Wo. oggend @ 08h00)

**#ESPRESSO Koffiekroeg vir jong werkendes:**

Begin 1 Feb. (elke Vry. aand @ 19h00)

Braai, lag, eet, kuier, fun, omgee, opbou, kampeer, ondersteun, ontspan, motiveer, uitreik... As jy van hierdie woorde hou, nooi ons jou uit om deel te raak van die groep jong professionele mense van alle denominasies. FB blad: <https://www.facebook.com/Espresso-jouself-1611796549057784/>

**YSTERPERDBRIGADE:** Die bikers van die gemeente hou daarvan om net die pad te vat. Hulle kuier graag saam oor 'n lekker koppie bikers-boetroos, ry kort en lang roetes en geniet mekaar se geselskap. Kom saam, klim op jou bike en ry vroeg oggend vir ontbyt na Pringlebaai; smul aan 'n heerlike middagete in Franschoek; beleef 'n Atlantis-duinavontuur; geniet 'n Sondagmiddag roomys; kry af en toe 'n bietjie opleiding en reik uit na minderbevoorregte instansies en gemeenskappe. Dis nie 'n "exclusive" klub nie. Enige iemand is welkom.

**VERSKEIE KLEINGROEPE/OMGEEGROEPE is ook nog beskikbaar.**

**Indien jy belangstel om aan te sluit, betrokke wil raak of navrae het oor enige van bogenoemde, kontak gerus vir Jackie by die Kerkkantoor (021 853 5991)**

## NUWE JAAR, VERNUWE DENKE... VERVOLG VAN BL 1

(33/53 Vertaling) Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens. (53 vertaling) Direkte Vertaling - Broers, op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame as 'n lewende, heilige en aanneemlike offer vir God aan te bied. Dit is sinvolle godsdiens.

(Die Boodskap) Ek wil nou 'n baie ernstige versoek tot julle rig. Ek doen dit omdat julle begryp hoe baie God vir julle omgee. Gee julle hele lewe aan Hom. Julle moet lewende offers in God se hand wees. 'n Lewe wat voltyds afgesonder is vir Hom is presies waaroor godsdiens gaan.

Uit bogenoemde tekste is dit duidelik dat my oorgawe aan die Here nie net neerkom op "jy moet net jou hartjie vir Liewe Jesus gee" nie. My hele menswees, my hele liggaam, my hele lewe, alles wat ek is en alles wat ek het is my offer aan die Here. En die wese van 'n offer is dat wanneer ek iets gee om te offer ek dit nie meer het nie. Ek dink aan die offers wat die Israeliete na die tempel toe gebring het. As ek 'n lam gee vir die offer kry ek hom nie terug sodat ek vir hom 'n houtbeen kan aansit omdat die priester net die regterboud afgesny het nie. Die offer beteken hy is weg. Vir altyd. Vir my is hy dood. (Hebr 13:11). Net so as ek myself aan die Here gee as offer. Dan het ek niks van myself oor vir myself nie. Alles behoort dan aan die Here.

Kyk hoe verander dit dan die rol van die erediens/Bybelstudies/stiltetyd in ons lewe! Dan is hierdie geleentehede nie net 'n tydjie waar ek 'n bietjie ontsnap aan hierdie werklikheid om net later weer met my eie lewe aan te gaan nie. Dan is hierdie geleentehede die tyd wat ek spandeer om gereed

gemaak te word vir my rol in die opbou van die Kerk en die uitbou van die Koninkryk van God. Dis hier waar ek die Here toelaat om my denke te vernuwe sodat ek nuwe dade kan gaan doen.

Besprekingsvrae:

1. Hoe kan ons die fisiese dimensie van ons menswees aanwend om die Koninkryk van God te laat kom in ons leefwêreld?
2. Wat kan ons doen om die versperrings tussen ons hart/denke/emosie, aan die een kant, en ons fisiese menswees aan die ander kant, te verwyder sodat die evangelie in ons liggame/dade lewendig kan word.

GEBED:

Aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlijkheid, tot in ewigheid.... daarom gee ek my hele self aan U, o Here. My hele hart, my hele siel, my hele verstand en al my krag is U eiendom. Amen

BRON: <http://www.ngdoornpoort.co.za/tag/romeine-12/>



**Flameros**<sup>®</sup>  
CHICKEN GRILL  
187 Main Road, Strand  
021 854 7774

**Dance-in-Line Worx**

'n Dans waaraan almal kan deelneem

Alleen dans op - "Country of Latin of Pop of Disco of Irish", ens. musiek!



**Kom sluit by ons aan ...!**

Klasse: Maandae tot Donderdae  
Plek: Lourensrieviergemeente se saal, Strand  
Skakel gerus vir Martie (083 287 7040) vir meer info.



## FOKUS OP DIE HUWELIK

# KOMMUNIKASIE IS DIE SEMENT VAN DIE 'HUWELIKSHUIS'

© Kopiereg G&E Muller van Beter Verhoudings'20 Volledige e-Kursusse beskikbaar op [www.beterverhoudings.co.za](http://www.beterverhoudings.co.za)

Welkom by dag een van die Huweliksweek-programme. Ons glo en vertrou dat jy en jou maat net vorentoe sal beweeg met hierdie huweliks-kursusse. Lees dit saam deur, bespreek alles hardop met mekaar en gee ruimte vir verskillende opinies en terugvoer.

Waarom dink jy as jy die woord huwelik hoor? Watter beeld verskyn as jy aan 'n huwelik dink?

Dit is 'n vraag wat ons dikwels vir die mense by ons praatjies vra en dan kry ons baie interessante antwoorde. Iemand het gesê dat die huwelik hom aan 'n 'nickerball' laat dink, want dit is hard maar tog so lekker. 'n Ander persoon het gesê dat die huwelik haar aan 'n rit op 'n mallemeule laat dink want dit is met die afdraandes baie opwindend en met die opdraandes baie vervelig. Nog iemand het gesê dat die huwelik hom aan 'n bootjie op die see laat dink, want daar is met tye vredevolle, kalm water maar soms geweldige, stormagtige water wat die bootjie moet trotseer. Iemand anders het nou weer gevoel dat die huwelik soos 'n potplantjie is wat gedurig versorg moet word anders sal dit verlep en sterf.

Elna en ek sien gewoonlik die beeld van 'n huisie as ons die woord huwelik hoor of daaraan dink. Net soos wat 'n huisie op 'n sterk fondament gebou moet word, uit boublokke bestaan en 'n dak nodig het vir beskerming, net so het 'n huwelik ook 'n sterk fondament, boublokke en 'n dak nodig.

Elke huisie het egter ook sement nodig om alles aanmekaar te hou. Vir ons is kommunikasie die sement van die huwelik. Kommunikasie hou alles in die huwelik aanmekaar. Sonder kommunikasie, met mekaar en met God, sal alles in die huwelik uitmekaar val.

Net soos 'n huisie, het die huwelik kwaliteit kommunikasie nodig om tot stand te kom en aan te hou om suksesvol te funksioneer. Soos wat die sement van 'n huisie swak aangemaak kan wees en die huisie dan baie gou kraak, verbrokkel en breek, so ook kan kommunikasie in ons huwelikshuisies swak aangemaak wees. Die gevolg sal wees dat die huwelikshuisie ook gou kraak, verbrokkel en breek. Maar as ons kommunikasie reg is, sal die huwelikshuisie, oftewel die huweliksverhouding, nooit kraak, verbrokkel of breek nie. Elna en ek hou gereeld introspeksie om vas te stel of ons kommunikasie met mekaar en met God nog goed is, en by 'n paar geleenthede het ons agtergekom dat ons dit verwaarloos. Dan besluit ons saam dat ons meer met mekaar en met God moet praat oor alledaagse goed, maar ook die diep goed wat regtig belangrik is.

Gebruik hierdie geleentheid om bietjie na te dink aan die sement van julle huwelikshuisie. Hoe sterk is dit aangemaak? Herstel hierdie saak en maak jou huwelik sterk en vreugdevol.

**(Uit 'Praat Jou Huwelik Gesond' beskikbaar by [www.beterverhoudings.co.za](http://www.beterverhoudings.co.za))**

# RESEPTEHOEKIE

**WENKE WAT WERK:** Steek 'n braaivleisvurk deur 'n halwe geskilde ui, en sodra die rooster warm is, vryf dit oor die hele rooster. Dit verwyder alle afval (en selfs 'n bietjie roes), verskaf geur aan die rooster, en ruik heerlik.



## BILTONG PASTA

250 gr skulpie pasta (die klein skulpie)

250 ml room

1 ui gekap

250 gr ontbytspek

1 T sout

3/4 K gerasperde kaas

1 K gekerfte biltong

### **METODE:**

Kook pasta met 1 T sout tot sag maar nog ferm.

Gooi water af.

Sny spek op en braai tot gaar.

Skep uit en los vetterigheid in pan.

Gooi die ui in en indien nodig 'n bietjie margarine.

Braai ui tot sag.

Voeg spek by en braai nog 1 min.

Voeg die pasta uie en spek saam met room in kastrol en kook net op todat die room deur warm is

Voeg die kaas en biltong by. Roer deur en kook tot kaas gesmelt het.

Bedien dadelik.

Bron: Eie Resep

Plasing & Foto : Elsie Slabbert / WATERTAND

RESEPTE VIR OUD EN JONK



## GEBAKTE CARBONARA

genoeg vir 4

250 g spekrepies, in blokkies gesny

400 g (4 k) pennenoedels

2 middelslaguie, fyn gekap

1 knoffelhuisie, fyn gekap

30 ml olyfolie

6 eiers

250 ml melk

250 ml room

100 g cheddarkaas, gerasper

sout, neutmuskaat en swartpeper

250 ml ertjies

150 g mozzarellakaas, in blokkies gesny

Verhit die oond tot 180 °C.

### **METODE:**

Braai die spek in 'n middelslagpan tot bros.

Voeg die uie en knoffel by en soteer tot sag en deursigtig.

Kook die pasta volgens die aanwysings op die pakkie.

Meng die eiers, melk, room en cheddarkaas.

Geur met sout, neutmuskaat en peper.

Skep die pasta in 'n oondvaste bak met 'n inhoudsmaat van 3 liter.

Strooi die ertjies oor en gooi die melk-en-eiermengsel bo-oor.

Druk die blokkies mozzarella tussen die pennepasta in.

Bak tot goudkleurig en geset voor jy smul.

Bron: Rooi Rose

Plasing: Tiana Botes / WATERTAND RESEPTE VIR OUD EN JONK






### Inleiding

Hierdie jaar was 'n ongelooflike goeie jaar vir die bediening ten spyte van die verskeie uitdagings wat getrotseer moes word. Van die sukses met Isaac se self-volhoubare skool, evangelisasie van die boskool gemeenskappe tot die kleuterskool in Milange wat uiteindelik in die nuwe gebou kon intrek het alles die moeite werd gemaak.

### Bosskool getalle vir 2017

Die leerder getalle by die skole was hierdie jaar redelik konstant as gevolg van die goeie mielie oeste. Die meeste ouers het nie hul kinders uit die skool gehou om in die landerye te gaan werk of kos in die bos te gaan soek nie. Hierdie jaar het daar 981 kinders (534 seuns, 447 meisies) in die skole geleer lees, skryf en was geevangeliseer. Ons wag nog vir die finale verslae vanaf die skole om die finale getalle te kry.

**Niehan en Carmen keer terug na Suid-Afrika Die laaste paar weke was moeilik om almal te groet, omdat ons meeste van die mense moontlik nooit weer op aarde sal sien nie. Onder is 'n paar foto's van die groet proses:**



*Die groente- en klere mark se mense word gegroet*



*Ete in die plaaslike take-away saam met ons werkers, vriende en mede-kollegas*

***Ons gaan Lameque baie mis. Hy was amper soos 'n seun vir ons.***

***Hy het baie gegroei in die afgelope paar jaar. Hy het rekenaars en Engels help aanbied by sy skool.***

***Hy gaan heel moontlik volgende jaar vir onderwys studeer, maar sy eintlike passie is bosbou.***



## Ons sê baie dankie...

Ons is ongelooflik dankbaar teenoor die Vader vir al die mense wat Hy oor ons pad gebring het in Milange en in Suid-Afrika oor die afgelope paar jaar. Sommige was in ons lewens vir 'n kort seisoen en ander het "permanent verhuis" na ons Koning se huis. Die impak wat julle almal op ons lewens gehad het was van onskatbare waarde. Ons hoop regtig dat almal by wie ons betrokke was in Mosambiek en Suid-Afrika 'n stukkie van Jesus in ons kon raaksien, al het ons kultuur en oortuigings dit soms moeilik gemaak.



***Hiermee wil ons sommer ook almal, uit die diepte van ons hart, bedank vir jul gebeds-, finansiële- en ander ondersteuning. Dit was lekker om julle hande, voete en stemme in Mosambiek te kon wees vir ons gesamentlik doel om God se Koninkryk daar uit te brei.***

## Geletterdheidsbediening in 2018

Die bediening is nog lankal nie verby in Mosambiek nie. Die kerk van Jesus in Mosambiek kort nog baie voorbeding en ondersteuning vir die uitdagings wat hul ondervind. Ons moet aanhou om die Vader, deur Sy Gees, vir wysheid te vra wanneer ons vir hulle bid of as ons op verskillende maniere by hulle betrokke wil raak.



Die bediening gaan voort met Isaac Gama wat die skole gaan besoek, evangelisasie gaan doen en gereeld verslag gaan lewer. Tegnologie maak dit maklik vir ons in SA om met hom te kommunikeer. Hy gaan bv. weekliks foto's en stories op Facebook plaas, maandeliks nuusbriewe skryf en gereeld finansiële verslag lewer.

## Betrokkenheid in 2018:

- **Bosskole:** Die plan is dat die huidige vyf bosskole volgende jaar voortgaan onder leiding van Isaac Gama ons administrateur in Milange.
- **Volwasse Geletterdheid:** Die IRM en regering werk saam om volwassene geletterdheid-sentrums meer Noord van Milange te open. Isaac gaan daarby betrokke wees.
- **Noord Mosambiek:** Bertus van Schalkwyk (projekleier) en Louise Theron (Helderberg Uitreik bestuurder) het die Noorde in November besoek. Tans word daar nog strategieë en planne ontwikkel om geletterdheid verder na die Noorde uit te brei in die Moslem areas.

**Gaan lees die volledige Nuusbriëf op Mosambiek Geletterdheid facebook blad.**

Vriendelike groete

Niehan en Carmen Koekemoer  
(niehank@yahoo.com)



### Ons praat met God oor...

- Fondse vir die bosskole wat aangaan in 2018.
- Ons aanpassing terug in Suid-Afrika.



### Prys die Here saam met ons vir..

- Goeie 4 jaar van bediening in Mosambiek.
- Vader se voorsiening oor die afgelope 4 jaar.
- Vader se voorsiening van werk in die onderwys vir ons albei in 2018 in die Strand.



# EK IS

EK is vir jou 'n put, bodemloos met geduld  
EK is vir jou 'n spruit, bruisend met hoop  
EK is vir jou 'n rivier, vloeiend met genade  
EK is vir jou 'n oseaan, groot met liefde

EK is vir jou die wind, strelend oor jou siel  
EK is vir jou die son, warm in jou hart  
EK is vir jou die reën, sag op jou gees  
EK is vir jou die maan, hangend oor jou lewe

Wees jy vir My 'n kind van geloof  
Wees jy vir My 'n arm van vrede  
Wees jy vir My 'n woord van vergifnis  
Wees jy vir My 'n hand van gebed

Wees jy vir My 'n aanbieder, EK is vir jou 'n GOD  
Wees jy vir My 'n navolger, EK is vir jou Herder  
Wees jy vir My 'n leerder, EK is vir jou 'n Meester  
Wees jy vir My 'n dienskneg, EK is vir jou Heer

## **PSALMS 46:2**

“God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood.”

## **2 SAMUEL 22:3**

“my God, my rots, by wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting, my toevlug en bevryder.”

## **1 SAMUEL 12:24**

“Wees net gehoorsaam aan die Here en dien Hom opreg en met julle hele hart. Let op die groot dinge wat Hy vir julle gedoen het.”

## **LUKAS 4:8**

“Daarop antwoord Jesus: “Daar staan geskrywe: “Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.”

## **HEBREËRS 12:28**

“Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil,”

## **2 PETRUS 1:3**


“Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlijkheid en mag.”

**God het vir ons Sy Woord VOL beloftes gegee om ons daaglik te bemoedig, inspireer, krag te gee en te help volhard.**


**Gaan soek na al daardie beloftes, glo dit en bid dit om jou te herinner WIE HY IS en wat Hy vir jou kan doen.**

**Jy kan ook gerus die kerkkantoor kontak (021 853 5991) indien jy van hierdie beloftes benodig. Dit kan per epos gestuur word of uitgedruk word.**

# Vrug van die Gees



Liefde Vreugde



Vrede Geduld

Vriendelikheid

Goedhartigheid



Getrouheid

Nederigheid

Selfbeheersing

Galasiërs  
5:22-23

## LEESROOSTER : FEBRUARIE 2018

( 1Kor.9:16-23; Mark.9:2-9; 1Pet.3:18-22; Rom.4:13-25 )

		1		2			3												
									4			5			6				
		7																	
							8		9										
									10										11
		12						13											
							14												
												15							
	16										17								
18																			19

### **DWARS:**

1. Die ..... is nie 'n afwassing van die vuilheid nie. [1 Pet.3].
4. Paulus is vry en van niemand ..... nie. [1 Kor.9].
7. Omdat Abraham ..... het, het God hom dus vrygespreek. [Rom.4].
8. Uit die wolk het daar 'n ..... gekom. [Mark.9].
10. Hy het die bose magte aan Hom ..... [1 Pet.3].
12. Die doop is 'n bede tot God om 'n ..... gewete. [1 Pet.3].
14. God wat ..... lewend maak. [Rom.4].
16. 'n Wolk het sy ..... oor hulle laat val. [Mark.9].
17. Abraham is in sy geloof .....en het aan God die eer gegee. [Rom.4].
18. "Ek het jou die vader van baie ..... gemaak." [Rom.4].
19. Abraham is immers die ..... van ons almal. [Rom.4].

### **AF:**

2. Abraham het nie in ..... begin twyfel aan God se belofte nie. [Rom.4].
3. Petrus wou drie ..... bou. [Mark.9].
5. Vir almal het Paulus ..... geword. [1 Kor.9].
6. Christus is deur die Gees ..... gemaak. [1 Pet. 3].
9. Elia en ..... het aan hulle verskyn. [Mark.9].
11. As ..... verkondig hy die Evangelie kosteloos. [1 Kor.0].
12. Vir die ..... het Paulus swak geword. [1 Kor.9].
13. Ook Christus het een maal vir die ... gely. [1 Pet.3].
15. Jesus het hulle op 'n hoë ..... gebring. [Mark. 9].

# We are Helderberg

---

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.

We are the fresh breath of the ocean air.

We are the art and sculptures in our local galleries.

We are organic farmers markets with family and friends.

We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.

---



Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

**Edelweiss Hankey** 083 252 1964 / [edelweiss.hankey@pamgolding.co.za](mailto:edelweiss.hankey@pamgolding.co.za)

**Burger van Dyk** 084 540 4543 / [burger.vandyk@pamgolding.co.za](mailto:burger.vandyk@pamgolding.co.za)



[pamgolding.co.za](http://pamgolding.co.za)

